

## Sing vooraf staande: Psalm 32:5 (p. 153)

- 5 Wil soos 'n perd nie wees wat opwaarts steier; / Of soos 'n muil wat ons sy dienswerk weier,  
wat mensehand moet dwing met toom en tuig / tot hy sy krag in diensbetoen moet buig.  
Die goddelose man het baie smarte; maar wie op God vertrou van ganser harte,  
hom sal gewis, ook onder kruis en druk, / die guns van God 'n krans vleg van geluk.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 2:6 (p. 7)

- 7 Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd / met blydschap wat Hom huldig as die HEER,  
en kus die Seun in onderworpenheid, / buig jul voor Hom met vrees en bewing neer.  
Want lig'lik kan Gods gramskap jul verteer / net soos 'n vuur, eers alte klein geag.  
Welsalig wie Hom huldig as hul HEER, / wie by Hom skuil en op sy bystand wag.

## Geloofsbelydenis Nicea

### *Na die wet sing ons Psalm 25:3 (p. 116)*

Wet

## Psalm 25:3 (p. 116)

- 3 Dink aan my in mededoë / as ek biddend voor u pleit;  
milde hande, vriendlike oë / is by U van ewigheid.  
Dink nie aan die sondes meer / van 'n yd'le jonkheidslewe;  
wil tog, om u goedheid, HEER, / ál my sondes my vergewe!

Gebed

## Psalm 43:3 (p. 220)

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!  
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,  
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.

Skriflesing: Nehemia 4

Teks: Nehemia 4:21

**En ons het die werk gedoen, terwyl die helfte van hulle die spiese vashou vandat  
die rooidag uitkom totdat die sterre verskyn.**  
(Nehemia 4:21 AFR1953)

Die kerk moet altyd met blydschap bid en werk!

- Die Satan kan dit nie hanteer as 'n gelowige geesdriftig is in sy roeping nie.
- Daarom is Sanballat so ontstig omdat hy nie die werk kan keer nie. Hy kan nie begryp dat die volk ondanks die spot en dreigemente nog voortgaan met die werk nie.

Toe slaan hy toe met nuwe krag. Tien boodskappers kom by Nehemia aan en waarsku dat hulle aangeval gaan word.

- Hulle raai hulle aan om liever op te hou met die bouery. Hulle moet ook liever tussen die ander mense gaan bly.
- U sien, die aanval is nou skerper, want die aanval is nie net meer van buite af nie – dis ook van binne af: daar is mense wat liever wil oorgee!

*Dan praat God. Vergeet jou vyande, en dink aan die groot en gedugte God. Vrees Hom! En dan gaan julle met sy werk aan.*

Toe bewapen hulle al die manne wat die muur bou.

- Al vrees hulle vir hulle lewens en dra hulle swaar aan die wapens, doen hulle tog hulle werk.
    - Die lasdraers het 'n spies in die een hand, en met die ander hand werk hulle.
    - Die bouers het al twee hande nodig om te bou, maar daar is 'n swaard om hulle heupe.
- Nehemia preek nie net nie – hy bou saam!

Die Here Jesus Christus leer dieselfde: Waak en bid!

- Waak! Jy is God se soldaat.
- Bid! Jy is gelowige kind van God wat by jou Vader smek vir krag.

Die aand voor die kruisiging kry ons die Here Jesus in Getsemané in 'n geweldige gebedsworsteling.

- Maar Hy trek nie terug van die stryd nie.
- Sy gebed is net die voorbereiding teen die dood en die ang van die hel.

Nadat Hy gebid het, word Hy gevang, veroordeel en gekruisig. Hy werk.

- Hy dra God se toorn oor ons sondes.
- Hy verslaan die Satan.
- Hy vaar hemel toe en Hy werk nog steeds, want Hy maak plek reg om ons te ontvang en Hy bid vir ons.

Wat word van ons gemeente waar ons geloofslewe nie by almal die nodige diepte het nie?

Die skrywer van Spreuke sê hoe die kerk lyk as dit in onwillige mense se hande geval het (24:30):

**Ek het by die land van 'n lui man verbygeloop en langs die wingerd van 'n verstandelose mens, en kyk, dit was heeltemal toegegroeï van die dorings, sy oppervlakte was oordek met brandnekels en sy klipmuur omgegooi. En ek het dit aanskou, ja, daarop gelet, gekyk, en lering aangeneem: Nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie hande-vou om uit te rus;**

(Spreuke 24:30-33 AFR1953)

Daar was nie meer lewe en vrugbaarheid in daardie groep gelowiges nie!

Alle eeue deur was daar maar mense wat verskonings gehad het wanneer hulle geroep word tot 'n taak. Dit laat mens verstaan waarom die Heilige Gees die volgende uitsprake in die Bybel neergeskryf het:

**Die luiaard sê: Daar is 'n leeu buitekant; ek kan in die middel van die strate gedood word!**  
(Spreuke 22:13 AFR1953)

Uiteindelik vat die Here mense wat nie wil werk nie se lewenstyl saam in die volgende woorde:

**Die luiaard is wyser in sy eie oë as sewe wat verstandig antwoord.**  
(Spreuke 26:16 AFR1953)

As ons almal nie pligsgetrou en met 'n lewendige geloof saam kerk is en in ons kerk werk nie, sal dit later met ons kerk gaan soos wat in Spreuke 26:14 geskryf staan:

**'n Deur draai rond op sy skarniere, so die luiaard op sy bed.**

(Spreeke 26:14 AFR1953)

Ons pad loop anders.

- Ons moet verantwoordelik wees teenoor die Here die almagtige God.
- Ons is Christene en daarom moet ons die Here Jesus Christus volg in sy pligsgetrouheid en verantwoordelikheid. Onthou altyd sy woorde:

**En Jesus het hulle geantwoord: My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook.** (Johannes 5:17 AFR1953)

God het die manne in hierdie gemeente geplaas om sy bestuurders in sy kerk te wees. Hy het aan hulle die opdrag gegee om deurlopend oor hulle huisgesinne en oor sy kerk te heers en te sorg dat dit hier goed gaan.

- In Psalm 8 sê die Here dat Hy ons 'n bietjie minder as die engele gemaak het, en dat God ons laat heers oor die werk van sy hande.
- Wat gaan God vir ons sê as ons sewe broeders beroep en net drie aanvaar?

Net so het die Here diakens geroep en in 'n amp voorsiening gemaak dat sy gemeente se hartseer en versorging deur hulle behartig moet word.

Jy kan nie vir God jou diens weier nie, want dit is nie jou kerk nie. Dit is God se kerk – en jy is deel daarvan.

- God kan jou roep wanneer Hy wil en jy mag nie jou diens vir jou God weier nie.
- Dit is dalk die een ding wat ons nie altyd onthou nie.
- Daarom moet ons dit vandag weer duidelik en helder in hierdie preek hoor: Ons is die kroon van die skepping. Ons moet toesien dat dinge reg loop.

Nehemia kon dit regkry om die mense wat teen God is, magteloos en moedeloos te maak.

- Hy skryf dat toe al hulle vyande gehoor het met hoeveel ywer en oortuiging hulle vir die Here gewerk het, hulle selfversekerdheid daarmee heen was.
- Die duiwel se werkers het bevrees geword en neerslagtig gevoel. Hulle het toe geweet die kerk doen hulle werk met die hulp van God (Nehemia 6:16).

**En toe al ons vyande dit hoor, het al die nasies rondom ons bevrees geword en neerslagtig gevoel, en hulle het erken dat hierdie werk deur onse God gedoen is.**  
(Nehemia 6:16 AFR1953)

Wat maak hierdie gemeente so anders dat ons dit nie ook kan doen nie? Gee aandag aan u roeping en u geloofslewe. Let op hoe u werk vir die Here. Onthou Salomo se woorde:

**As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.** (Psalm 127:1 AFR1953)

Ons het geen reg om ons bestuurderskap af te staan omdat ons onbekwaam is (en in baie gevalle te lui is) nie.

- Ons het geen reg om ons bestuurderskap te laat uitrafel omdat ons moedeloos raak nie.
- Ons moet ons opdrag tot besluitneming en harde werk elke oomblik uitoefen, want ons mag dit aan niemand afstaan nie.
- Ons het 'n Goddelike opdrag: Ons moet die kerk van God laat heers.

**Amen.**

## Slotgebed

### Slotpsalm 89:6 (p. 445)

- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.  
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;  
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 14 Februarie 2010